Langenhovenpark GEMEENTE

# Oesnuus ~ Junie 2021

***"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."***
***- Handelinge 1:8 -***

Die Corona-virus het die wêreld op sy kop laat omkeer en alles is besig om te verander. Dit het onder meer tot gevolg gehad dat baie dienste, ook die oordra van die evangelie, al hoe meer aanlyn moes plaasvind. Ook ons plaaslike uitreikaksies het verlede jaar tot 'n groot mate tot stilstand gekom. Ons is egter dankbaar dat onder meer die lees- en Skryfklasse weer kan voortgaan en die sopkombuis weer gaan funksioneer na die kermis. Nonnie gaan hiervoor al die hulp nodig hê wat sy kan kry. Skakel gerus die kerkkantoor of vir Nonne by 0846510106 as jy kans sien om sop te kook of te help versprei.

## DEGNOS (NAMIBIË)

Andries Gous getuig met groot dankbaarheid van die Here se voorsiening vir die werk in Namibië. Hy skryf soos volg: "Elke keer wanneer ons uit moedeloosheid dink nou het ons die einde bereik van 'n spesifieke projek, dan gebeur daar goed wat ek as niks anders kan beskryf as God se hand wat aan die werk is".

- Hulle het verlede jaar in Oktober besluit dat daar geen Landbouprojekte kan voortgaan nie, want hulle het net nie geld daarvoor nie. Binne twee dae nadat hulle die besluit geneem het kry hulle onverwags en uit die bloute, 'n skenking van N$7000,00 se kunsmis en mieliesaad,. Genoeg saad om uit te deel aan al die gemeenskappe. Die grootste landbouskenking ooit!
- In Maartmaand was hulle by moed opgee, want daar was net nie meer fondse om met die klein skooltjies voort te gaan nie. Binne 'n week daarna kry Andries 'n oproep van Imago Dei wat hom laat weet dat hulle die grootste gedeelte van die skooltjies se uitgawes gaan befonds met fondse van een van hulle donateurs. Dit was wonderlike nuus, maar daar was nog fondse nodig om die finansiële jaar te voltooi. Gedurende verlede week kom daar egter 'n oproep van 'n prokureur in Bloemfontein wat hulle in kennis stel van 'n erflating vir Degnos deur een van hulle kliënte. En dit is groot genoeg dat hulle die werk vir die jaar kan voltooi.
- So 'n rukkie terug het die Namibiese NG Kerk blaadjie 'n versoek gerig vir enige iemand wat dalk 'n ou trapfiets of twee het wat die waenhuis volstaan en nuwe werksplek soek. Hulle het binne twee weke 'n fiets gekry! Op die foto langsaan neem Ds. Shotty en Broer Visser van Kanovlei die fiets in ontvangs. Dit is nou 'n gemeentefiets vir gebruik deur die leraar en die jeugwerkers.



Wat 'n groot en Almagtige God is Hy wat sy Koninkryk in stand hou en nie die werk van sy hande laat vaar nie!

## DS. TC DU TOIT (BOTSWANA) KOM TERUG NA SUID-AFRIKA

Ds. TC het amptelik emeriteer en is terug in Suid-Afrika. Hy gaan steeds die kerk in Tsabong aanlyn bedien, veral met advies op bestuursvlak en onder meer die voorskoolse program en Nehemia opleiding vir kerkleiers. Hier volg 'n paar brokkies uit TC en Linda se ervarings van die afgelope drie maande op die pad.

### *Teenspoed!*



Op pad na Suid-Afrika op Vrydagaand 26 Maart, maak hy die fout om oor 'n ongemerkte kruising in Mahikeng te ry sonder om stil te hou. Geen padtekens, geen robotte, geen straatligte wat brand nie! Die Hilux het sleg seergekry soos die foto links wys. Tog is daar groot dankbaarheid dat hulle nie beseer is nie. Hy getuig verder soos volg hieroor:

"EK dank God dat die meer as 400 000 km op die pad die afgelope 11 jaar in Botswana, baiekeer in die nag met baie diere op die pad, ongelukvry was en my lewe en almal wat met my saamgery het, beskerm is. Daar was wel talle noue ontkomings, maar die genade van die Here was altyd daar!

### *Laaste take*

Hulle was twee weke gelede in Gaborone waar hy as konsulent namens die Lobatse Ring gepreek het in die DRCB Tlokweng. Hulle het toe sommer 1,3 ton teëls opgetel vir die kerkgebou op Tsabong.(Foto regs) .



### *Eindelik op pad terug!*



By Ramatlabama Grenspos op 6 Junie 2021, met hulle laaste aardse besittings om te hervestig in RSA. Hierdie dominee het nie regtig emeriteer nie. Hy gaan aanlyn voort om die kerk in Botswana te ondersteun deur middel van Zoom en WhatsApp. Hy verdien steeds ons voorbidding en ondersteuning vir die groot werk waarmee hy steeds voortgaan tot eer van die Here en tot uitbreiding van sy koninkryk.

## GERRIE EN ARLENE COETZEE



Gerrie en Arlene is tans betrokke by twee sendingorganisasies wat persone motiveer vir wêreldsending en opleiding bied aan persone wat geroep word daarvoor. Hulle werk by SIM *(Serving in Mission*) in die personeelafdeling en hulle werk meestal van die huis af. Dit sluit onder meer die volgende in: die beantwoording van navrae, hantering van aansoeke, aanbieding van SIM oriënteringskursusse vir suksesvolle aansoekers, wêreldwye skakeling met sendingorganisasies vir plasing van goedgekeurde sendelinge in die veld waartoe hulle geroep is en die uitstuur van die sendelinge nadat ook gesorg is vir voldoende ondersteuning.

Hulle betrokkenheid by EMI (*Engineering Ministries International*) behels die opleiding van sendelinge en die aanbied van dissipelskapkursusse. Dit vind op George in die Suid-Kaap plaas. Gerrie het ook onlangs die oriënteringskursus van nuwe SIM Ambassadeurs, wat geheel digitaal aangebied is, gereël en aangebied saam met kollegas. Die SIM ambassadeurs is verteenwoordigers van SIM oral oor die land waar hulle SIM bekend maak en kerke mobiliseer vir wêreldsending.
George het ´n groot populasie van Somaliërs/Moslems wat die fokus is van Evangelisasie-aksies. Arlene is tans betrokke by die bediening van Moslemvroue in George en stel haarself ook beskikbaar as intersessor. Beide Gerrie en Arlene is tans ook besig met ‘n redelik intensiewe kursus in Moslembediening .

### Ernst Toerien se nuusbrief oor sy werk in Thailand en Myanmar

Ernst se brief wat ek hierdie week ontvang het, is ’n noodroep van die kerk in die beleërde Myanmar. Ek plaas dus sy bief byna onveranderd – slegs ietwat verkort - hier onder. Hy skryf:

*Sommiges betaal ten duurste om na ‘n pretpark te gaan waar hulle op ‘n tuimeltrein (roller coaster) kan gaan ry om sodanig bietjie die alledaagse lewe kleur te gee, en ook hulle longe in die proses harde werk kan gee. Vir andere van ons is dit wat die lewe is. Op die mensgemaakte een weet jy later waar die valle en erge draaie kom en jy kan jou liggaam regkry vir wat voorlê, maar op die een wat God oor jou pad bring is daar nooit tyd om op te beplan of iets reg te kry vir dit wat voorlê nie. Enige sekonde kan ‘n massiewe val uit nêrens te voorskyn bring, of die treintjie kan iewers in die wolke ry met ‘n asemrowende uitsig.*

*Twee maande is verby vandat ek laas geskryf het; twee maande wat voel of dit weggewaai is deur die Kaapse dokter. Maar daar was die ure en soms dae wat dit gevoel het asof tyd botstil gaan staan het en doodeenvoudig weier om ’n tree in enige rigting te gee.*

*Die botstil tye is wanneer jy ‘n pleitboodskap vir gebed kry van onder ‘n bed waar weggekruip word saam met die hele gesin, met soldate wat aan deure hamer. Wanneer elke gebedsgroep ingelig word en daar gepleit word vir beskerming. Tye wanneer jy ‘n boodskap kry wat sê dat hulle nou uit die stad in die woude invlug om weg te kom van die helikopters en soldate. Wanneer jy vir dae lank bid, onwetend of dit vir hulle gehelp het om wel die woude in te vlug.*

*Aan die anderkant hard pleit en bid om geld in te samel om te help waar dit moontlik is, en nie om vleis en goed te koop nie, maar doodeenvoudig rys, sodat die liggaam net aanmekaar gehou kan word. ’n Massiewe woord van dank aan diegene wat wel gegee het. Saam het julle 10 000 US dollars ingesamel en kon ons die geld in mense se hande kry sodat hulle kan sien dat ons meer doen as net bid.*



*Een van die groter dorpe, Kantpetlet, waar ek seminare aangebied het is op die oomblik onder aanval van die regering. Die gevegte duur al 2 weke lank. Die wat kon het al gevlug af in die valleie in na die Boeddhistiese gebiede waar dit baie veiliger is (die weermag het selfs al kerke gebombardeer, so dis nie veilig daar nie). Een*

*van die pastore wie ek daar ken, en onder die vlugtelinge tel, het aan my geskryf en foto's gestuur (Kyk foto!) van die kamp wat hulle aan die opsit is vir sowat 400 mense (almal Christene).*

*Hulle pleit vir rys. Indien daar dus van julle is wat nog wil geld stuur, asseblief doen dit sodat ek dit bymekaar kan maak en vir die dominee stuur.*

*Hy het ook vir my gevra om vir hulle preke te stuur om hierdie omstandighede geestelik te kan hanteer. Dus hierdie week sal ek daaraan werk, 'n paar preke van die Here afbid en aan hulle stuur. Toe hulle weermaggroep vergader het om te besluit oor wat verder, het hulle vir my geskryf en raad gevra. En wie is ek op die ou end? Wysheid! Bid dat die Heer aan my sal gee. Mense se lewens is op die spel en ek is bang.*

*Op die oomblik is al die oorwegend Christen State onder aanval van die weermag. Of in die weste (grens met Indie en Bangladesh – Chin Staat) of die ooste (grens met Sjina, Laos en Thailand – Kachin, Shan, Mon en Kajian State). In die Boeddhistiese gebiede, soos reeds genoem, is daar relatiewe vrede, alhoewel hier ook nog daaglikse betogings gehou word.*

*Om dinge verder te bemoeilik vir diegene wat die woude in gevlug het, het die reënseisoen begin. Verder het die Indiese Covid variant die Chin Staat ingesluip en het twee pastore, vir wie ek ken deur 'n ander pastoor, die afgelope week daaraan gesterwe.*

*Hoe anders as net bietjie meer as 'n jaar terug toe Covid begin het en Myanmar een van die laaste lande was om dit te kry. Toe het die Christene gespog oor hoe spesiaal hulle vir God is dat God hulle teen die virus beskerm. En nou, 'n jaar later sterf hulle aan Covid, of onder aanval van die weermag, en dit terwyl hulle onder seile in die woude skuil. 'n Valse teologie het gelei dat hulle so gespog het, en daardie einste teologie (voorspoedteologie) is nou ontbloot vir die leuen wat dit wel is. Dit kan geen antwoorde verskaf nie; dit staan kaal soos die keiser in sy nuwe klere. Die tragedie is dat daardie einste teologie daardie hele kerk in sy magsgreep het!*

*Bid asseblief vir my. Wysheid; krag; gesondheid (my rug is weer aan die oppak, en met ons eie Covid kan ek nie eens gaan swem om die spiere te oefen nie). Indien moontlik, stuur geld sodat ons ten minste rys kan koop vir ons mede-Christene wat letterlik elke dag veg om net die son te sien ondergaan.*

*Betsie het opgehou met skoolhou, omdat sy dit nie wettig kan doen nie. Natuurlik 'n slag op ons inkomste. Nadja het graad 4 geslaag. Met Zoom klasse die laaste maand of so het dinge maar gesukkel.*

*Soli Deo Gloria.*

*Ernst.*

*As jy hierdie Oesnuus, asook vorige uitgawes, aanlyn wil lees, gaan na www.lhpkerk.co.za, kliek op nuus en kies Oesnuus. Hierdie uitgawe en ook al die uitgawes van Oesnuus 2020 is daar te vind. Kort nuusbrokkies en gebedsversoeke wat van tyd tot tyd aangestuur word, kan gevind word by Omgee minuut op dieselfde kieslys as die Oesnuus.*